Johannes 6: 47-58 Sewende Sondag na Trinitatis
Kroondal 14 Julie 2024

Hoe werk dit?

Liewe Gemeente,
As kind was my ouers gereeld vies vir my omdat ek ´n nuwe speelgoed uitmekaar gehaal en nie weer kon aanmekaar sit nie. "Hoekom speel jy maar nie net met dit nie? Hoekom moet jy dit uitmekaar haal?"
Die rede is eenvoudig: Ek wou sien hoe dit werk. Net speel was nie goed genoeg nie. Soms het dit nie eers saak gemaak dat ek die ding nie weer kon aanmekaar sit nie - tenminste het ek nou verstaan hoe dit werk!

"Hoe werk dit?" Dis ook die behoefte van die mense wat na Jesus luister. Nikodemus het dit gevra, toe Jesus sê ´n mens moet opnuut gebore word (Joh 3, 4&9). En hier wil die Jode dit weet nadat Jesus gesê het dat ons *hom* moet eet en drink. Ons lees uit Johannes 6:
Jesus sê: Amen, amen, Ek sê vir julle: Hy wat glo, het die ewige lewe. 48 Ek is die brood van die lewe. 49 Julle vaders het in die woestyn die manna geëet en nogtans gesterf. 50Maar die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterf nie, is dit: 51Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy vir ewig leef. En die brood wat Ek sal gee, is my liggaam wat Ek gee vir die lewe van die wêreld."
52Die Jode het toe onder mekaar gestry en gesê: "Hoe kan hy sy liggaam vir ons gee om te eet?" 53Daarop sê Jesus vir hulle: "Amen, amen, Ek sê vir julle: As julle nie die liggaam van die Seun van die Mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julle nie. 54Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag laat opstaan. 55Want my liggaam is ware voedsel, en my bloed is ware drank. 56Wie my liggaam eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom. 57Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader leef, so sal die een wat My eet, ook deur My leef. 58Dít is die brood wat uit die hemel neergedaal het – nie soos die manna wat die vaders geëet het en nogtans gesterf het nie. Wie hierdie brood eet, sal vir ewig leef."

Hoe werk dit?

Ek verstaan hierdie nuuskierigheid maar al te goed. Daarom is dit om te meer frustrerend dat Jesus geen verduideliking gee nie. Hy herhaal maar net: Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe. "Eet en drink, en julle lewe". Niks meer nie, niks minder nie. Dis geen wonder dat ons dan in Joh 6, 60 lees dat baie van sy volgelinge Jesus na hierdie toespraak verlaat het.
Toe Jesus die nagmaal ingestel het, het hy weereens nie verduidelik nie. Hy het die brood geneem, dit gebreek en aan sy dissipels gesê: Neem en eet, dit is my liggaam. En na die maaltyd het hy die beker geneem en gesê: Drink almal daaruit, want dit is my bloed, die bloed van die verbond wat vir baie uitgegiet word tot vergewing van sondes. (Mt 26, 26-28).
Weereens was daar geen verduideliking nie, net die opdrag: Eet, drink.
Ten spyte daarvan dat hy niks verder daaroor gesê het nie, weet ons, dat die eerste Christene na Pinkster elke dag bymekaar gekom het om die nagmaal te vier. (Handelinge 2, 42). Die nagmaal met die woorde: Die liggaam en bloed van Christus, was so sentraal dat hulle vyande

beweer het dat hulle “mensevreters” is.
“Hoe werk dit?” -hulle het nie hierdie vraag gevra het nie. Vir hulle was dit genoeg om die krag en troos van die nagmaal te belewe - die teenwoordigheid van die lewende Christus, wat beloof het om by hulle te wees tot aan die einde van dae.

Dis eers ´n generasie of twee later dat die Christene ernstig begin vra het: Hoe werk dit? En toe het teoloë gewaag om te doen wat Christus self geweier het om te doen - hulle het probeer verduidelik wat nie verduidelik kan word nie. En hoe meer hulle verduidelik het, hoe banger het die mense vir die nagmaal geword.
In die begin het suigelinge, nadat hulle gedoop is, dadelik by die nagmaal ´n druppie nagmaalswyn gekry, en soos wat hulle groter geword het, ook brood.
Toe kom die teoloë met die verduideliking dat die brood tydens die instellingswoorde “hoc est corpus” - dit is my liggaam - verander in vlees (terloops, dis waar die toorformule: “Hokus Pokus” vandaan kom), en die wyn verander in die bloed van Christus. Hulle het verder gegaan en beweer dat as jy die brood laat val, of die wyn van jou lippe met jou mou afvee, dan het jy daarmee Christus verwerp. Nou het dit gebeur dat klein kinders gemors het, of selfs brood of wyn weer uitgespoeg het soos kindertjies soms doen. Dus is vanaf die 11de eeu klein kinders nie meer by die nagmaal toegelaat nie, “om hulle te beskerm”, sodat hulle met die mors of uitspoeg nie Christus kan verwerp nie. Ook is van toe af net nog brood aan die gemeente bedien - want die moontlikheid dat wyndruppels weggevee word was te groot.
Maar al was die mense bang om iets verkeerd te doen, het hulle elke Sondag nagmaal toe gekom, want die teoloë het beweer: As jy nie kom nie, sal die Here jou straf. Hulle was bang om te kom, en banger om weg te bly.
Martin Luther het hierdie interpretasies uitgedaag en beklemtoon dat die nagmaal ´n geskenk van Christus is, wat ons met ´n oop gemoed mag ontvang. Christus nooi uit, hy dwing ons nie. Maar die bang wees vir misbruik was so diep gewortel, dat die mense nou nie meer nagmaal toe gekom het nie. Luther het daaroor gekla, en toe gesê: Mense kom so min - daar is baie wat nie eers 4 keer per jaar kom nie. Ek twyfel of hulle Christene is! Hierdie woorde is toe verdraai en het ´n reël geword: 4 keer per jaar moet jy nagmaal toe kom. Dit wat Luther as die absolute minimum, die broodlyn, gesien het, het die maksimum geword. As iemand meer dikwels gegaan het, het die mense die persoon skeef aangekyk. Wat is fout met jou?
Tydens die reformasie het die “Hoe werk dit” ook verder gespook. Luther en Zwingli/Calvyn het gestry of die nagmaal simbolies is (Zwingli, Calvyn) en of Christus fisies in brood en wyn teenwoordig is (Luther). Hierdie verskil van interpretasie het so belangrik geword, dat hulle mekaar van die nagmaal uitgesluit het. Teen daardie tyd was hulle ook by die Katolieke uitgesluit en omgekeerd dieselfde.
Die tafel van die Here het die stryd-tafel geword. Die feesmaal van Christus het verander in die slagveld van kerke.
Maar dit het nie daar opgehou nie. Dit wat Jesus ingestel het as ´n maal van versoening, vergifnis en samebinding van sy volgelinge, is meer en meer deur die kerk gebruik as ´n manier van straf. Ongehude moeders is van die nagmaal uitgesluit, so ook misdadigers (as hulle uitgevind is). Die uitsluiting was selektief. Gierigheid en vraatsug is by voorbeeld nooit so bestraf nie, al praat Paulus ernstig daarteen!
Die klem het geval op: Is jy waardig om die nagmaal te ontvang? Mense het eerder weggebly, as dat hulle onwaardig sou wees en die Here hulle dan sou straf.

Na al hierdie ontwikkelinge is dit so belangrik dat ons weer kyk na wat Jesus gesê en gedoen het. Ons lees in die evangelies hoe hy by die instelling van die nagmaal vir sy dissipels gesê het: Julle sal my almal verraai. Ons lees hoe hulle daar aan tafel stilletjies baklei het oor wie die belangrikste is. En ons lees hoe selfs Judas daar was, die geldstukke klaar in sy sak. Nogtans het Jesus aan hierdie groep swakkelinge, grootpraters en verraaiers die nagmaal bedien - want dit is hoekom hy gekom het: om die, wat dit nie verdien nie te verlos en na die lewe te lei!
Ons lees dan hoe hy, direk ná die nagmaal vir Petrus sê: "Wanneer jy eendag tot inkeer gekom het, moet jy jou broers versterk" (Lukas 22,32). Ek glo vas dat die feit dat hulle die nagmaal ontvang het, dit moontlik gemaak het dat hulle later kon omdraai en voor begin. Die "eet en drink" het hulle deurgedra! Hulle het besef dat Jesus homself gegee het, ALHOEWEL (of dalk OMDAT?) hy geweet het dat hulle hom sou verraai!

Liewe gemeente, ek dink dit is hoog tyd dat ons ophou om die nagmaal uitmekaar te neem soos wat ek met speelgoed gedoen het. Daar is dinge wat ons nie kán verstaan nie. Dis hoog tyd dat ons ophou om te vra: Hoe werk dit? maar die uitnodiging hoor: Kom, neem, eet, drink - my liggaam en my bloed vir jou verlossing! Luther het daarop gewys dat ons die seën van die nagmaal ontdek deurdat ons dit dikwels gebruik. (Let wel: Nie verstaan nie, maar die seën ontdek!)
Vergeet of jy waardig is - nee, jy is nie. Ek is nie. Niemand is nie. Dis hoekom ons die nagmaal nodig het! En as jy kom, dan neem en eet, drink. Moenie wonder hoe dit werk nie - aanvaar die belofte dat Jesus gesê het: Jy het deel aan my. Jy het die ewige lewe!

Jesus het homself nie net met woorde gegee wat ons moet verstaan en ter harte neem nie. Hy het homself "eetbaar" gegee. Ek kan smaak en sien wat hy belowe het. Ek kan sluk - letterlik - en aanvaar: Ek behoort aan hom, ons behoort aan hom, ons is deel van sy volk. Die nagmaal is die evangelie in ´n vorm wat "die verstand te bowe gaan" - want eet en drink is iets wat die mens sy hele lewe kan doen - of dit nou ´n suigeling is, of ´n verstandelik gestremde, of ´n demente ou mens. Nagmaal is evangelie vir elke stadium van ons lewe. Die Skepper van hemel en aarde het ons verlossing so belangrik geag, dat hy dit nie net in woorde laat verkondig nie, maar dat ons dit ook kan smaak, sien en sluk!
Ek wil aflsuit met ´n belewenis wat my diep geraak het. Ek is gevra om by ´n sterfbed die nagmaal te bedien. Die engste familie was daar. "Ma reageer nie meer nie - maar ons wil tog hier saam by haar nagmaal vier". Ons het om die bed gestaan, gesing, gebid, Daar was geen reaksie van haar nie. Soos altyd, by die nagmaal, het ek die woorde van Jesus gesê: Dit is my liggaam - neem en eet. En sowaar, hier gaan die ma se mond oop. Ek het ´n krummel op haar lippe gesit met die woorde: Die liggaam van Christus vir jou gegee. Haar mond het weer toegegaan. En by die woorde: Neem en drink het haar mond weer oop gegaan, en ek kon ´n druppel op haar lippe sit.
Dit was haar laaste eet en drink - sy kon die blye boodskap van verlossing en lewe vir oulaas proe en met die evangelie op haar lippe sterf! En die vrede van die Here, wat alle verstand te bowe gaan, het ons daar omsluit.

Hoe werk dit? wou die Jode weet. Eet, drink - het Jesus gesê.
En vandag nooi hy weer uit: Kom na my toe, eet, drink. Smaak en sien dat die Here goed is! Jy is onwaardig - daarom mag jy kom!

Ons bid:
Here Jesus, baie dankie dat die evangelie nie net in woorde en soms moeilike begrippe na ons toe kom nie, maar ook in brood en die vrug van die wynstok, sodat ons kan eet en drink, al verstaan ons niks. U belofte geld dat ons deur U die ewige lewe het, en sal lewe al sterf ons! Amen!

Horst Müller, hmuller@nelcsa.net